higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BYKOMSTIGHEDE N5

(10050465)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BYKOMSTIGHEDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ń nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ń blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Meranti	A	aandete diens
1.1.2	Pewter	B	erdeware ('earthenware')
1.1.3	Kiaat ('Teak')	C	buitenshuise hout
1.1.4	Goudblad velle	D	sagte allooi ('soft alloy')
1.1.5	Porselein	E	natuurlike oliehoudende hout (naturally oily wood')
1.1.6	Melamien	F	handgevormde metaalvelle ('beaten sheets')
1.1.7	Keramiek ('Stoneware')	G	wasbak
1.1.8	Polistireen	H	stoffering
1.1.9	Terracotta	I	voedselberging ('food storage')
1.1.10	Viniel ('Vinyl')	J	kombuistoonbanke ('kitchen countertops')

(10 × 2) (20)

1.2 Noem DRIE bykomstighede wat gebruik kan word in elk van die volgende style:

1.2.1 Indiese

1.2.2 Noord-Afrika

1.2.3 Turkse

1.2.4 Sjinese

1.2.5 Engelse kothuis

(5 × 3) (15)

Kopiereg voorbehou

1.3 Verduidelik die volgende konsepte:

1.3.1 Blommekuns (‘Flora art’)

1.3.2 Appliek

1.3.3 Raku

1.3.4 Knoopwerk (‘Knotting’)

1.3.5 Laslapborduurwerk (‘Patchwork embroidery’)

(5 × 3) (15)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bespreek die verskille tussen:

2.1.1 Smaak en styl

2.1.2 Verhouding en skaal

2.1.3 Rangskikking van patrone vir die groepering van uitstallings of muurbehangsels

2.1.4 Kontemporêr en modern

2.1.5 Grootte en vorm

(5 × 5) (25)

2.2 Beskryf die volgende glasprodukte en hoe dit gebruik word.

2.2.1 Loodkristal glas (‘leaded glass’)

2.2.2 Gekleurde glas (‘stained glass’)

2.2.3 Skuinsglas (‘bevelled glass’)

(3 × 5) (15)
[40]

VRAAG 3

3.1 Watter bykomstighede kan gekies word om tafel te dek vir die volgende tipes funksies?

3.1.1 Japanese aandete

3.1.2 Franse ontbyt

3.1.3 Engelse teepartytjie

3.1.4 Griekse Meze middagete

3.1.5 Suid-Afrikaanse braai

(5 × 5) (25)

3.2 Gee DRIE voorbeelde hou jy die volgende bykomstighede kan gebruik:

3.2.1 Mandjies

3.2.2 Silwer

3.2.3 Boeke

3.2.4 Spieëls

`

3.2.5 Horlosies

(5 × 3) (15)

[40]

VRAAG 4

4.1 Beskryf die werke en skilderstyle van die volgende bekende kunstenaars:

4.1.1 Van Gogh

4.1.2 Gustav Klimt

4.1.3 Edvard Munch

4.1.4 Andy Warhol

(4 × 5) (20)

4.2 Hoe sou jy bykomstighede kies vir die onderstaande binneshuise ruimtes?

4.2.1 Kaggel

4.2.2 Kamerverdelers (‘Room partitions’)

4.2.3 Gange

4.2.4 Deure

(4 × 5) (20)
[40]

VRAAG 5

Een van jou kliente, mev Dogherty, het besluit om as ń naaldwerkster van die huis af te werk. Sy wil ń naaldwerkkamer met al die nodige funksionele en dekoratiewe items inrig.

Gee vir mev Dogherty raad oor hoe om te werk te gaan om die bykomstighede te kies vir die volgende areas:

5.1 Afwerking van die vensters en die aanpaskamer (vir privaatheid) (10)

5.2 Meubels en bykomstighede. (10)

5.3 Afwerking van vloere en mure. (10)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou